*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

ISBN 0 621 00826 5

VOL. 93.] KAAPSTAD, 28 MAART 1973. / CAPE TOWN, 28TH MARCH, 1973. [No. 3820.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 461. 28 Maart 1973.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 11 van 1973: Wysigingswet op Grondbewaring, 1973.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 461. 28th March, 1973.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 11 of 1973: Soil Conservation Amendment Act, 1973.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the provisions of the Soil Conservation Act, 1969, relating to the power of the Minister to declare directions applicable with reference to land, and relating to subsidies and grants; to create a presumption in respect of contraventions of the said Act; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 19th March,* 1973.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 76 of 1969, as amended by section 2 of Act 4 of 1971.

**1.** Section 3 of the Soil Conservation Act, 1969 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (1) of the following paragraph:
"(*a*) the cultivation of land, including the ploughing thereof, the protection, stabilizing or withdrawal of the land from cultivation, the application of crop rotation to the land and the disposal of crop remnants and plant residues;";

(*b*) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
"(3) The Minister may, in any manner referred to in subsection (1), withdraw, amend or, subject to such conditions as he may determine, suspend a direction.".

Amendment of section 6 of Act 76 of 1969.

**2.** The following section is hereby substituted for section 6 of the principal Act:

"Subsidies and grants.

**6.** The Minister may, from moneys appropriated by Parliament for the purpose, subject to such conditions as he may determine, pay subsidies or make grants to any person in respect of costs incurred by such person in connection with the construction of any soil conservation works or the performance of any act in compliance with a direction or for the achievement of any object of this Act.".

Insertion of section 26A in Act 76 of 1969.

**3.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 26:

"Presumption.

**26A.** In any prosecution for an offence under this Act, it shall be deemed that this Act is applicable to the land upon or in respect of which such offence is alleged to have been committed, unless the contrary is proved.".

Short title.

**4.** This Act shall be called the Soil Conservation Amendment Act, 1973.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# WET

**Tot wysiging van die bepalings van die Grondbewaringswet, 1969, betreffende die bevoegdheid van die Minister om voorskrifte van toepassing ten opsigte van grond te verklaar, en betreffende subsidies en toekennings; om 'n vermoede ten opsigte van oortredings van genoemde Wet te skep; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 19 *Maart* 1973.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 76 van 1969, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 4 van 1971.

**1.** Artikel 3 van die Grondbewaringswet, 1969 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*a*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) die bewerking van die grond, met inbegrip van die omploeg daarvan, die beskerming, stabilisering of onttrekking aan bewerking van die grond, die toepassing van wisselbou op die grond en die beskikking oor oesoorblyfsels en plantreste;";

(*b*) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Die Minister kan 'n voorskrif op 'n in subartikel (1) bedoelde wyse intrek of wysig of, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, opskort.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 76 van 1969.

**2.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Subsidies en toekennings.

**6.** Die Minister kan, uit gelde vir die doel deur die Parlement bewillig, op die voorwaardes wat hy bepaal, aan 'n persoon subsidies betaal of toekennings maak ten opsigte van uitgawes deur sodanige persoon aangegaan in verband met die oprigting van grondbewaringswerke of die verrigting van 'n handeling ter voldoening aan 'n voorskrif of ter verwesenliking van 'n doelstelling van hierdie Wet.".

Invoeging van artikel 26A in Wet 76 van 1969.

**3.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 26 ingevoeg:

„Vermoede.

**26A.** By 'n vervolging weens 'n misdryf ingevolge hierdie Wet word geag dat hierdie Wet van toepassing is op die grond waarop of ten opsigte waarvan daardie misdryf na bewering gepleeg is, tensy die teendeel bewys word.".

Kort titel.

**4.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Grondbewaring, 1973.